OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

20c Tuesday 17 April 1979 WINDHOEK Dinsdag 17 April 1979 No. 3939

CONTENTS:

INHOUD:

Page/Bladsy

GOVERNMENT NOTICES:

No. 70 Appointment of Nature Conservators .....

No. 71 Correction Notice: Withdrawal of Declaration as Private Game Park: Omatako-Sicht .....

No. 72 Appointment of Honorary Nature Conservators

No. 73 Amendment of the Administration Employees Regulations .....

ADVERTISEMENTS:

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

No. 70 Aanstelling van Natuurbewaarders 180

No. 71 Verbeteringskennisgewing: Intrekking van Registrasie van Private Wildtuin: Omatako-Sicht ... 181

No. 72 Aanstelling van Ere-Natuurbewaarders 181

No. 73 Wysiging van Administrasiewerknemersregulasies 182

ADVERTENSIES: 183

Government Notices

The following Government Notices are published for general information.

J. F. GREEBE
Secretary for South West Africa.

Administration of South West Africa,
Windhoek.

No. 70] [17 April 1979

APPOINTMENT OF NATURE CONSERVATORS

Under and by virtue of the provisions of section 79(1) of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), the following persons are appointed

Goewermentskennisgewings

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. F. GREEBE
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Administrasie van Suidwes-Afrika,
Windhoek.

No. 70] [17 April 1979

AANSTELLING VAN NATUURBEWAARDERS

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 79(1) van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975) word die volgende persone as

as nature conservators for the Territory of South West Africa:

Messrs G. Owen-Smith

R. Hiseman

T. F. Collard

A. Bassingthwaithe

J. P. le Grange

N. Boonzaaier

No. 71] [17 April 1979

CORRECTION NOTICE

Government Notice 269 of 15 November 1978 is hereby corrected by substituting the following for the contents thereof:

"Under section 22(4)(b) of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), notice is hereby given that the Executive Committee has, under and by virtue of the provisions of section 22(4)(a) of the said Ordinance —

(a) withdrawn the declaration as a private game park of the area described in the Schedule; and

(b) amended Proclamation 33 of 1972 accordingly.

SCHEDULE

Omatako-Sicht private game park

The farm Omatako-View 256, situated in the Okahandja district, 6898 hectares in extent".

No. 72] [17 April 1979

APPOINTMENT OF HONORARY NATURE CONSERVATORS

Under and by virtue of the provisions of section 79(2)(a) of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975) the following persons are appoint-

natuurbewaarders vir die Gebied Suidwes-Afrika aangestel:

Mnre. G. Owen-Smith

R. Hiseman

T. F. Collard

A. Bassingthwaithe

J. P. le Grange

N. Boonzaaier

No. 71] [17 April 1979

VERBETERINGSKENNISGEWING

Goewermentskennisgewing 269 van 15 November 1978 word hierby verbeter deur die inhoud daarvan deur die volgende te vervang:

"Kragtens artikel 22(4)(b) van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), word hierby bekend gemaak dat die Uitvoerende Komitee kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(4)(a) van genoemde Ordonnansie —

(a) die verklaring van die in die Bylae omskrewe gebied tot 'n private wildtuin, ingetrek het; en

(b) Proklamasie 33 van 1972 dienooreenkomstig gewysig het.

BYLAE

Omatako-Sicht private wildreserwe

Die plaas Omatako-View 256, geleë in die distrik Okahandja, groot 6898 hektaar".

No. 72] [17 April 1979

AANSTELLING VAN ERE-NATUURBEWAARDERS

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 79(2)(a) van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975) word die volgende persone as

ed as honorary nature conservators for the Territory of South West Africa:

Messrs C. J. van Tonder

B. Louw

No. 73| |17 April 1979

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 3 of the Administration Employees Ordinance, 1957 (Ordinance 17 of 1957) further amended the Administration Employees Regulations promulgated by Government Notice 139 of 1 July 1960, as amended, as set out in the annexure hereto.

ANNEXURE

Regulations 86 and 94 are hereby amended by the substitution therefor of the following:

"86. *Subsistence allowance payable on transfer:*

(1) If an employee is transferred at State expense from one headquarters to another he shall be deemed to be travelling on official duty from his previous to his new headquarters.

(2) The Secretary may in respect of such journey pay to an employee referred to in subregulation (1) travel and subsistance allowance —

(a) at the full rate applicable to such employee in terms of these regulations in respect of himself and each other member of his household who is 10 years or older; and

(b) at half the rate applicable to such employee in terms of these regulations to each other member of his household who is younger than 10 years, for the actual duration of such journey: Provided that if an employee who is thus transferred make of his own free will use of other means of conveyance than that which he must use under regulation 93, subsistence allowance in respect of such journey will not be paid for a longer period than the period the journey normally takes with the means of conveyance as indicated in regulation 93.

(3) The Secretary may in respect of one servant refund to the employee referred to in subregulation (1) reasonable living expenses actually and necessarily incurred during such journey by or in respect of such servant who accompanies the said employee from his previous to his new headquarters."

ere-natuurbewaarders vir die Gebied Suidwes-Afrika aangestel:

Mnre. C. J. van Tonder

B. Louw

No. 73| |17 April 1979

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 3 van die Administrasiewerknemersordonnansie 1957 (Ordonnansie 17 van 1957) die Administrasiewerknemersregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 139 van 1 Julie 1960, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae hierby uiteengesit.

BYLAE

Regulasies 86 en 94 word hierby gewysig deur dit deur die volgende regulasies te vervang:

"86. *Verblyftoelae betaalbaar by oorplasing:*

(1) 'n Werknemer wat op staatskoste van een hoofkwartier na 'n ander oorgeplaas word, word geag in amptelike diens van sy vorige na sy nuwe hoofkwartier te reis.

(2) Die Sekretaris kan aan 'n werknemer in subregulasie (1) bedoel ten opsigte van sodanige reis 'n verblyftoelae —

(a) teen die volle tarief wat ingevolge hierdie regulasies op sodanige werknemer van toepassing is, ten opsigte van homself en elke lid van sy huishouding wat 10 jaar of ouer is; en

(b) teen die helfte van die tarief wat ingevolge hierdie regulasies op sodanige werknemer van toepassing is, ten opsigte van elke lid van sy huishouding wat jonger as 10 jaar is, betaal vir die tydperk wat sodanige reis werklik in beslag neem: Met dien verstande dat indien 'n werknemer wat aldus oorgeplaas word uit eie keuse gebruik maak van 'n ander vervoermiddel as dié wat hy ingevolge regulasie 93 moet gebruik, verblyftoelae ten opsigte van sodanige reis nie betaal word vir 'n langer tydperk as die tydperk wat 'n reis met die vervoermiddel wat hy ingevolge regulasie 93 moes gebruik het normaalweg in beslag neem nie.

(3) Die Sekretaris kan ten opsigte van een bediende wat 'n werknemer in subregulasie (1) bedoel van sy vorige na sy nuwe hoofkwartier vergesel, redelik bestaansuitgawes wat werklik en noodwendig tydens sodanige reis deur of ten behoewe van sodanige bediende aangegaan is, aan sodanige werknemer terugbetaal."

"94. *Class in which employees are entitled to travel by train:*

An employee who has to undertake an official journey by train is entitled to travel in the following class:

(a) In the case of a white employee: First class; and

(b) in the case of a black/brown employee —

(i) where such employees' annual salary or wage, including pensionable allowances and the cash value of pensionable privileges supplied to him *in kind* is equal to or higher than R3030 per year: First class; and

(ii) where such employees' annual salary or wage, including pensionable allowances and the cash value of pensionable privileges supplied to him *in kind* is less than R3030 per year: Second class — if that particular train makes provision for such class, otherwise first class."

"94. *Klas waarin werknemers geregtig is om per trein te reis:*

'n Werknemer wat 'n amptelike reis per trein moet onderneem is geregtig om in die volgende klas te reis:

(a) In die geval van 'n blanke werknemer: Eerste klas; en

(b) in die geval van 'n swart of bruin werknemer —

(i) waar sodanige werknemer se jaarlikse salaris of loon, insluitende pensioendraende toelaes en die kontantwaarde van pensioendraende voorregte wat *in natura* aan hom verskaf word, gelyk is aan of hoër is as R3030 per jaar: Eerste klas;

(ii) waar sodanige werknemer se jaarlikse salaris of loon, insluitende pensioendraende toelaes en die kontantwaarde van pensioendraende voorregte wat *in natura* aan hom verskaf word, minder is as R3030 per jaar: Tweede klas, indien daar op daardie bepaalde treindiens vir tweede klas voorsiening gemaak word, anders eerste klas."

Advertisements

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4,30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are inserted in the *Official Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Official Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

Advertensies

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUID-WES-AFRIKA

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 109, Administrasie-gebou, Windhoek, afgelewer word, nie later nie as 4,30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Offisiële Koerant*, al na die Sekretaris goedvind.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

6. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

7. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

8. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

9. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

10. The subscription for the *Official Gazette* is R10,40 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.B. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Windhoek. The Suidwes-Drukkery, Limited, P.O. Box 2196, Windhoek, at the price of 20 c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

Type	*Charge*
1. Transfer of business	R3,25
2. Sale in execution — Supreme Court	R5,20

12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 11 is at the rate of 45 c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

5. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

7. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

8. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

9. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing teen die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

10. Die jaarlikste intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R10,40 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 20 c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels, pos- of geldorders:

Tipe	*Tarief*
1. Oordrag van besigheid	R3,25
2. Regsveilings — Hooggeregshof	R5,20

12. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 11 genoem word, is teen die tarief van 45 c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

13. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

The undermentioned applications for Public Road Carrier Permits indicate (1) reference number and the area within which the proposed road transport will be undertaken, (2) name of applicant and nature of application, (3) number and type of vehicles, (4) nature of proposed road transportation, and (5) points between and routes over or area within which the proposed road transportation is to be effected or published in terms of section 14(1) of Act 74 of 1977 : Road Transportation

Die onderstaande aansoeke om Openbare Padvervoerpermitte, met aanduiding van (1) verwysingsnommer en gebied waar die beoogde vervoer onderneem sal word, (2) naam van applikant en aard van aansoek, (3) getal en tipe voertuie, (4) aard van beoogde padvervoer, en (5) plekke waartussen en roetes waaroor of gebied(e) waarin die beoogde padvervoer sal plaasvind, word kragtens die bepalings van artikel 14(1) van Wet 74 van 1977 : Wet op Padvervoer, 1977

(1) 790326 OP 898 SUIDWES-AFRIKA (2) I. Geiseb, Khorixas, Aansoek om gewysigde openbare permit — bykomende magtiging (3) Twee sewe ton vragmotors (4) Boumateriaal insluitende sement, kalk, verf, omheiningsmateriaal, staal en plastiese pype, enjins, kragkoppe, parte van padbou en ander masjinerie vir dringende herstel en gebruik deur Regeringsinstansies in Damaraland (5) Vanaf en na Windhoek en Otjiwarongo na en vanaf punte geleë binne Damaraland asook binne Damaraland.

(1) 780922 OP 673 OWAMBO (2). D. Sheehama, Ombalantu Nuwe aansoek om openbare permit (3) SBA 5051 – bus — 54 persone (4) Bantoe persone en hulle persoonlike bagasie (5) Vanaf Ombalantu na Ruacana en Oshakati en terug.

Tarief: 5 c per persoon per kilometer met 'n minimum bedrag van 30c.

Tydtafel:

Maandae tot Sondae:

Vertrek Ombalantu 06h30
Vertrek Ruacana 09h00
Vertrek Ombalantu 11h30
Vertrek Oshakati 17h15

Arriveer Ruacana 08h30
Arriveer Ombalantu 11h00
Arriveer Oshakati 13h30
Arriveer Ombalantu 19h15

VORM VAN ADVERTENSIE

(waar Artikel 25(1) (a) van toepassing is)

Oordrag van Versekeringsbesigheid

Kennis word hiermee ingevolge Artikel 25(6) van die Versekeringswet, Nr. 27 van 1943, gegee dat dit die voorneme van

Senator Versekeringsmaatskappy Beperk

is om sy Langtermyn-versekeringsbesigheid wat dit in die Republiek van Suid-Afrika en die Mandaatgebied van Suidwes-Afrika dryf, oor te dra na

Rentmeester Versekeraars Beperk

Die gevolg van die voorgestelde oordrag sal wees dat laasgenoemde maatskappy verantwoordelik sal word vir die nakoming van al die bestaande verpligtings van

Senator Versekeringsmaatskappy Beperk

vir sover dit sy langtermyn-versekeringsbesigheid in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika betref.

Besonderhede omtrent die voorgestelde oordrag is vervat in 'n ooreenkoms gedateer die 5de dag van MAART 1979, 'n afskrif waarvan tesame met afskrifte van State wat die uitwerking van die voorgestelde oordrag op die finansiële posisie van die betrokke partye tot die Ooreenkoms aantoon en die aktuariële verslae van mnre. MALAN & VENNOTE gedateer 8 FEBRUARIE 1979, ter insae van enige persoon beskikbaar gestel sal word gedurende gewone kantoor-ure vir 'n tydperk van 21 dae, vanaf die 30ste APRIL 1979 tot die 21ste MEI 1979 by die hoofkantore van

Senator Versekeringsmaatskappy Beperk

te RONDALIA GEBOU, KAMER NR. 681, VISAGIESTRAAT 174, PRETORIA en te RENTMEESTER GEBOU, KAMER NR. 219, BOSMANSTRAAT 219, PRETORIA.

Die voorneme is om aansoek te doen by die Provinsiale Afdeling van Transvaal van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, te Pretoria op die 5de JUNIE 1979 om 10h00 of so gou daarna as wat die saak aangehoor kan word om bekragtiging van die voorgestelde oordrag.

Die Registrateur van Versekeringswese en enige poliseienaar, aandeelhouer of skuldeiser wat deur die voorgestelde oordrag geraak word of waarskynlik geraak sal word, het die reg om by enige aansoek by die Hof aangaande die oordrag te verskyn en aangehoor te word en kan 'n aansoek tot die Hof rig omtrent enige aangeleentheid in verband met die oordrag.

GEDATEER TE PRETORIA OP HIERDIE 30STE DAG VAN MAART 1979.

SENATOR VERSEKERINGS-
MAATSKAPPY BEPERK
RONDALIAGEBOU,
Visagiestraat 174,
PRETORIA

RENTMEESTER VERSEKERAARS
BEPERK,
RENTMEESTERGEBOU,
BOSMANSTRAAT 219,
PRETORIA

NOTICE OF TRANSFER OF BUSINESS

(In terms of Section 16 of Ordinance 13 of 1935)

Take notice that ALETHA CATHARINA JOHANNA CARSTENS has disposed of the GENERAL DEALER'S BUSINESS conducted by her on ERF NUMBER 5518, FRENCH BANK CENTRE, WINDHOEK, under the name and style of KARLIEN BLOEMISTE to AQUARIUM JUNG (PTY) LIMITED, who will carry on business for their own account at the same address under the name and style of THE FLOWER COTTAGE, and that after 14 days after publication hereof, the said AQUARIUM JUNG (PTY) LIMITED will apply to the Licensing Court for the issue to them of a General Dealer's Licence.

THUS DATED AND SIGNED AT WINDHOEK ON THIS 28TH DAY OF MARCH, 1979.

(Sgd). P. G. VAN DER MERWE,
STERN & BARNARD
Attorneys for the Applicant
801 Capital Centre
Stuebel Street
P. O. Box 452
WINDHOEK.

KENNISGEWING VAN BOEDELOORGAWE

Hiermee word kennis gegee dat op die 18de dag van Mei 1979 om 10.00 uur in die voormiddag of so spoedig as moontlik daarna as wat die saak verhoor kan word, by die Suidwes-Afrika Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika aansoek gedoen sal word om die aanname van die oorgawe van die boedels van E K. MUTSCHLER EN SEUNS van Goethestraat, Grootfontein, ERNST KARL MUTSCHLER van die plaas Wasner, distrik Grootfontein, en KARLO WERNER MUTSCHLER van Weckestraat 22, Windhoek (synde vennote in die vennootskap E K MUTSCHLER EN SEUNS), en dat hulle vermoëstate by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof te Windhoek, en die vermoëstate van E K MUTSCHLER EN SEUNS en ERNST KARL MUTSCHLER by die kantoor van die Landdros, Grootfontein, ter insae sal lê gedurende 'n termyn van veertien dae vanaf die 24ste dag van April 1979.

GEDATEER TE WINDHOEK HIERDIE 5DE DAG VAN APRIL 1979.

LYNCH & LACOCK
Applikante se Prokureurs
4de Verdieping
Volkskasgebou
Kaiserstraat
Windhoek
Telefoon 22481
Posbus 3110

KENNISGEWING

Kennis geskied hiermee dat, veertien dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Landdros te Tsumeb vir die oordrag van die Algemene Handelaars- en Restaurantlisensie, spuit en minerale- en varsprodukte lisensie, tans gehou deur Julio Do Rosario Luis, wie handel gedrywe het onder die handelsnaam van ANGOLA RESTAURANT, aan MARIA ALETTA DA SILVA, wie handel sal drywe onder die handelsnaam van ANGOLA RESTAURANT op Gedeelte 11 van Farm Town Nr. 103, geleë in die munisipaliteit en distrik van Tsumeb.

GEDATEER TE TSUMEB HIERDIE 19DE DAG VAN MAART 1979

MICHAU & GERTENBACH
Hoofstraat
Posbus 259
TSUMEB

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat by 'n Spesiale Sitting van die Handelslisensiehof wat gehou sal word te Omaruru op 1 Mei 1979, aansoek gedoen sal word vir die oordrag van die Slagterslisensie gehou deur GEORGE MICHAEL DEDIG op Erwe 1568, 163 en 172, OMARURU aan LODEWIKUS SPANGENBERG en SUSANNA COETZEE gebore SWANEPOEL wie besigheid sal doen onder die naam OMARURU SLAGTERY OP DIESELFDE PERSEEL.

VAN DER WESTHUIZEN & GREEFF
Posbus 47
OTJIWARONGO

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN LISENSIE

Geliewe kennis te neem dat by die volgende sitting van die Handelslisensiehof gehou te OTJIWARONGO, aansoek gedoen sal word vir die oordrag van die Algemene Handelaars, Vars Produkte en Patente Medisyne lisensie gehou deur ANNA DOROTHEA MARIE PRINSLOO en ANNA DOROTHEA PRINSLOO op Erf 82, Tuinweg, Otjiwarongo aan WOLFGANG EHRLICH wie besigheid sal doen onder die naam SONOP FISH & CHIPS op dieselfde perseel.

VAN DER WESTHUIZEN & GREEFF
Posbus 47
OTJIWARONGO

NOTICE OF WITHDRAWAL

Hereby take notice that the advertisement which appeared in the Official Gazette No. 3916 of the 15th March, 1979 wherein GERALD WILLIAM LIND gave notice in terms of Section 124 of the Insolvency Act No 24 of 1936, as amended, of his intention to apply to the South West Africa Division of the Supreme Court of South Africa on the 27th April, 1979 for his Rehabilitation, is hereby withdrawn and that a further advertisement after the fashion of the one withdrawn appeared in the Government Gazette of the 6th April, 1979, from which it will appear that the said intended Application will now be made to the abovenamed Honourable Court on FRIDAY, the 25th MAY, 1979.

(Sgd) C. DU PREEZ
Lorentz & Bone
Attorneys for Applicant
Standard Bank Chambers
Kaiser Street
P. O. Box 85
WINDHOEK

KENNISGEWING VAN BOEDELOORGAWE

Hiermee word kennis gegee dat op die 18de dag van Mei 1979 om 10,00 uur in die voormiddag, of so spoedig as moontlik daarna as wat die saak verhoor kan word, by die Suidwes-Afrika-Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika aansoek gedoen sal word om die aanname van die oorgawe van die boedel van NEIL VAN EEDEN van p/a P. Zijlstra, Goldammerstraat, Windhoek, en dat sy vermoëstaat by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof te Windhoek en by die kantoor van die Landdros, Windhoek ter insae sal lê gedurende 'n termyn van veertien dae vanaf die 24ste dag van April 1979.

GEDATEER TE WINDHOEK HIERDIE 29STE DAG VAN MAART 1979

LYNCH & LACOCK
Applikant se Prokureurs
4de Verdieping
Volkskasgebou
Kaiserstraat
Posbus 3110
Telefoon 22481
Windhoek

KANTOOR VAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL

Die Hoofbantoesakekommissaris
Privaatsak 13180
WINDHOEK
9100

AGTERSTALLIGE GELDE MYNGEBIED AMY NO. 45, GELEË IN DIE AMINIUSRESERVAAT, HEREROLAND OOS.

1. Ek moet u meedeel dat die myngebiedgelde (R3 914,00 per jaar) ten opsigte van die bovermelde myngebied laas opbetaal is tot 30 September 1968. Ingevolge artikel 47(2) van die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale, 1968, (Ordonnansie 20 van 1968) van S.W.A. is myngebiedgelde halfjaarliks op die eerste dag van April en die eerste dag van Oktober in elke jaar betaalbaar. In die lig hiervan is 'n bedrag van R41 099,00 met betrekking tot die myngebied nou betaalbaar.
2. Ingevolge artikel 47(4) van gemelde Ordonnansie, word boete op agterstallige myngebiedgelde bereken teen een kwart van die verskuldigde bedrag en as gevolg daarvan, is 'n bykomende bedrag van R10 274,25 gevolglik betaalbaar.
3. Aangesien die bedrag betaalbaar langer as 30 (dertig) dae uitstaande is, word u hiermee ingevolge artikel 47(5) van gemelde Ordonnansie versoek om die bedrag van R51 373,25 binne 30 (dertig) dae vanaf datum van publikasie van hierdie brief in die Offisiële Koerant, te betaal. Indien betaling nie geskied nie, sal die nodige stappe geneem word omd ie bogemelde myngebied verbeurd te verklaar.

H. A. DORMEHL
MYNKOMMISSARIS
Privaatsak 13195
WINDHOEK

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat na 14 dae vanaf datum hiervan aansoek gedoen word by die Handelslisensie Hof vir die Distrik van Okahandja vir die oordrag van die volgende Handelslisensie, naamlik:

Algemene Handelaar, Vars Produkte Handelaar, Motorhawe, Tabak — kleinmaat en Spuit- en Mineraalwater Handelaar, tans gehou deur ALFRED MILZ, Erf 131, OKAHANDJA, wie handel dryf as STOOR & HOTEL HOCHFELD aan OLGA WEISS, wie voortaan onder dieselfde naam en styl vir haar eie rekening op dieselfde perseel besigheid sal dryf.

MULLER & BRAND
Sokolic-gebou
John Meinertstraat &
Stuebelstraat
Posbus 2073
WINDHOEK
9100

LOST LIFE ASSURANCE POLICIES
(Section 64 of the Insurance Act, Act No. 27 of 1943, as amended)

Notice is hereby given that evidence of the loss or destruction of the policies mentioned below has been submitted to the Assurer, and any person in possession of any of these policies, or claiming to have any interest therein, should communicate immediately by registered post with the Assurer. Failing any such communication, certified copies of the policies (which will be the sole evidence of the contract) will be issued to the owners in terms of the regulations framed under the Act.

VERLORE LEWENSVERSEKERINGSPOLISSE
(Artikel 64 van die Versekeringswet, Wet no. 27 van 1943, soos gewysig)

Kennis geskied hiermee dat bewys van die verlies of vernietiging van die polisse hieronder vermeld, aan die Versekeraar gelewer is, en enige persoon wat in besit van enige van hierdie polisse is, of aanspraak daarop maak dat hy belang daarby het, moet onmiddellik per aangetekende pos met die Versekeraar in verbinding tree. By gebreke aan sodanige mededeling sal gewaarmerkte afskrifte van die polisse (wat die enigste bewys van die kontrak sal wees) aan die eienaars uitgereik word ingevolge die regulasies gepromulgeer kragtens die Wet.

Polisnommer Policy Number	Datum van polis Date of policy	Versekerde bedrag Sum assured	Versekerde Lewe Life Assured	Eienaar, indien nie di versekerde Lewe nie. Owner if other than Life Assured.
664533	1 Nov 67	R1 000	A. le Roux (Voorheen KOBER)	

Name and address of Assurer: AFRICAN EAGLE LIFE ASSURANCE SOCIETY LTD. P.O. BOX 1114 JOHANNESBURG 2000

Naam en adres van Versekeraar: AFRICAN EAGLE-LEWENSVERSEKERINGSGENOOTSKAP BEPERK POSBUS 1114 JOHANNESBURG 2000

LOST LIFE ASSURANCE POLICIES
(Section 64 of the Insurance Act, Act No. 27 of 1943, as amended)

Notice is hereby given that evidence of the loss or destruction of the policies mentioned below has been submitted to the Assurer, and any person in possession of any of these policies, or claiming to have any interest therein, should communicate immediately by registered post with the Assurer. Failing any such communication, certified copies of the policies (which will be the sole evidence of the contract) will be issued to the owners in terms of the regulations framed under the Act.

VERLORE LEWENSVERSEKERINGSPOLISSE
(Artikel 64 van die Versekeringswet, Wet no. 27 van 1943, soos gewysig)

Kennis geskied hiermee dat bewys van die verlies of vernietiging van die polisse hieronder vermeld, aan die Versekeraar gelewer is, en enige persoon wat in besit van enige van hierdie polisse is, of aanspraak daarop maak dat hy belang daarby het, moet onmiddellik per aangetekende pos met die Versekeraar in verbinding tree. By gebreke aan sodanige mededeling sal gewaarmerkte afskrifte van die polisse (wat die enigste bewys van die kontrak sal wees) aan die eienaars uitgereik word ingevolge die regulasies gepromulgeer kragtens die Wet.

Polisnommer Policy Number	Datum van polis Date of policy	Versekerde bedrag Sum assured	Versekerde Lewe Life Assured	Eienaar, indien nie d versekerde Lewe nie. Owner if other than Life Assured.
781326	1 Julie 72	R2 000	P. I. FORTUIN	

Name and address of Assurer: AFRICAN EAGLE LIFE ASSURANCE SOCIETY LTD. P.O. BOX 1114 JOHANNESBURG 2000

Naam en adres van Versekeraar: AFRICAN EAGLE-LEWENSVERSEKERINGSGENOOTSKAP BEPERK POSBUS 1114 JOHANNESBURG 2000

NOTICE OF TRANSFER OF BUSINESS
(In terms of Section 16 of Ordinance 13 of 1935)

Take notice that JOSE de FREITAS OLIVEIRA has disposed of the General Dealer's and Restaurant business conducted by him on Erf 2312, 32 — 34 Republic Road, Windhoek, under the name and style of FUNCHAL FISH & CHIPS to ERWIN EBERHARDT RUST, who will carry on business for his own account at the same address under the same name and style and that after 14 days after publication hereof, the said ERWIN EBERHARDT RUST will apply to the Licensing Court for the issue to him of a General Dealer's and Restaurant Licence.

Thus dated and signed at Windhoek on this 4th day of April 1979.

EGON LOHSE
Accountant for applicant
69 Kaiser Street
P.O. Box 1635
WINDHOEK.

NOTICE OF TRANSFER OF BUSINESS

Notice is hereby given that 14 days after publication of this Notice, an application will be lodged with the Licensing Court for the District of REHOBOTH, held at REHOBOTH, for the transfer of the General Dealers Licence held by SUSANNA BEUKES, trading as SENTRAAL WINKEL at Erf 159, REHOBOTH, to NICOLAAS JOHANNES CELENTO who will continue to trade at the same address and under the name CELENTO'S MARKET for his own account.

DATED AT WINDHOEK, THIS 28TH DAY OF MARCH 1979.

R. OLIVIER & CO
Atlantis Building
Moltke Street
P. O. Box 2198
WINDHOEK

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika.